# waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 4, APRIL 1999

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

1 **Redaksioneel**
*Polemiek*
1 **Skrifoordenking**
*Wandel met God*
Ds GJ Meijer
3 **Fokus**
*Henog - die woestynstad*
Ds ALA Buys
4 **Op die kerkerf**
*Toerusting vir diens in die kerk (1) - Geloofseenheid*
Dr JG Meijer
7 **Aktueel**
*Die toetsing van profesie*
Prof L Floor
8 **Uit die verlede**
* *Skrifgeloof en Skrifverklaring*
* *Wat is Skrifkritiek?*
Prof JD du Toit (Totius)
11 **Persskou**
* *Bloeddorstige jeug*
* *'n Cool kerk?*
Ds GJ Meijer

## REDAKSIONEEL

# POLEMIEK

Ons Afrikaanse volk is lief vir polemieke. Koerant-skrywers en rubrieke wat deur lesers gevul word, is die sprekende bewys van 'n hartstog vir 'n pennestryd. Polemiek word egter in die meeste gevalle beperk tot die politiek.

Polemiek in die kerklike pers? Onlangs is 'n waarskuwende hand daarteen in *Die Kerkblad* opgesteek. Polemiek kan broeders en susters van mekaar vervreem, kerkskeuring veroorsaak ...

Teenstanders van polemiek oor kerklike sake wys op die reël van Matteus 18. Vermaan iemand wat verkeerd optree, persoonlik, onder vier oë. Maak mekaar nie ten aanhore van die breë leserspubliek seer nie.

Ons luister graag na hierdie indringende waarskuwing. Tog mag ons dit nie van polemiek weerhou nie. Afwyking van die Woord in die prediking of in die pers is nie slegs 'n sonde wat een persoon aantas nie. Dit doen skade aan almal wat dit hoor of lees. Polemiek in gehoorsaamheid aan die Kerkhoof moet gevoer word om die kwaad betyds te stuit, die deurwerk daarvan teen te gaan.

Wie polemiseer, moet wel sorgvuldig oppas om nie in sy pennestryd te sondig nie. Die bestryding van 'n verkeerde standpunt of saak mag sekerlik nie met neerhalende opmerkings oor die betrokke persoon of instansie saamgaan nie. 'n Polemikus wat in hierdie slaggat val, bedryf en bevorder openbare sonde teen die negende gebod. Ook die onsuiwer weergawe van die ander se standpunt of van die kwessie in bespreking druis teen die negende gebod in.

Verder is daar polemikusse wat net nee sê. Hulle skryfwerk wat oorloop van kritiek, ondersteun ontevredenheid. Hulle doen niks anders as om beswaardheid en bekommernis aan te wakker nie. Hulle bevorder sodoende ondankbaarheid en verhinder die lesers om dankbaar voor God se aangesig te lewe.

Die redaksie het al die bostaande oorweeg in sy beleidbepaling oor polemiek. Ons beleid is: Polemiseer wel. Doen dit in geloof, uit liefde vir en tot opbou van die kerk, tot betydse afwering van kwaad. Sê egter nie net nee nie, maar sê nee vanuit die ja in geloof. Elke artikel moet positief opbouend wees. Ons skryf met die bede van die berymde Psalm 141:3 in die hart:

*Mag nooit my woord U smaad, o HEER, nie!*
*Rys smaadtaal uit die hart se grond -*
*ag, wil dit wegweer van my mond,*
*dat ek u Naam nooit mag onteer nie!*

---

## SKRIFOORDENKING

# WANDEL MET GOD

**Ds. GJ Meijer**
Gereformeerde Kerk
Wonderboompoort

Hebreërs 11:5,6

***Deur die geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie; en hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het; want voor sy wegneming het hy getuienis ontvang dat hy God behaag het. En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.***

In Hebreërs 11 word vir ons geleer wat ware geloof is. Geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop. Geloof is om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Uit sulke geloof het Henog geleef, net soos Abel.

Die Skrif maak nie baie oor Henog bekend nie: slegs enkele gegewens in Genesis 5 en verder in die brief van Judas. Nietemin is die enkele penstrepe baie veelseggend. Henog se lewensverhaal is ooglopend anders as die van sy voorsate – dit word duidelik uit die beskrywing daarvan in Genesis 5. Van sy voorvaders word vermeld hoe oud hulle geword het en dat hulle gesterf het. Van Henog word vertel dat hy met God gewandel het, al die dae van sy lewe. Wat beteken dit om met God te wandel? Dit het niks te doen met 'n geheimsinnige, mistieke een-word met God, soos dit in oosterse godsdienste beleef word en tans oorspoel na al die ander wêrelddele nie. Wandel met God het wel alles te doen met 'n lewe naby God. Om saam met God te wandel beteken om te gaan waar God jou stuur. God se doel is jou doel, Sy wil is jou wil. Dit het in die lewe van Henog by uitstek na vore gekom.

Die Hebreërskrywer maak duidelik hoe so 'n lewe naby God lyk. Voor sy wegneming het Henog getuienis ontvang dat hy God behaag het. Henog het gedoen wat die HERE van hom verwag en so tree hy behaaglik op. Sonder geloof is dit egter onmoontlik om God te behaag.

Om hierdie lewe uit geloof reg te verstaan moet ons terugblaai na die geskiedenis van

Genesis 4 en 5. Dit blyk dat Henog die sewende is in die geslag van Adam. Sy geslagslyn loop terug vanaf Enos na Set na Adam. Set was die seun wat God in die plek van die regverdige Abel aan Adam en Eva geskenk het. Uit sy nageslag moet die Messias gebore word (Lukas 3).

Maar nou weet ons dat daar uit Adam ook 'n ander geslagslyn loop, die van Kain. Kain vlug na die land Nod nadat die HERE hom vervloek het. Daar het hy 'n seun verkry: ook met die naam Henog. 'n Stad word gebou: kultuur word beoefen. Geen Godgerigte kultuur nie, maar afvallige, mensgesentreerde kultuur. Hoe verder die nageslag van Kain uitbrei, hoe meer afvallig word hulle kultuur. As sewende in die geslagslyn van Kain word Lameg gebore. Van Lameg word gesê dat hy twee vroue neem. Uit die twee vroue word drie seuns gebore: Jabal, Jubal, Tubal-Kain. Hulle is onderskeidelik vader van tentbewoners en veeboere, vader van siters en fluite, en vader van koper- en ysterinstrumente. Daar word ook 'n sussie gebore: Naäma "die lieflike", die danseres, beoefenaar van pret en plesier, die vermaaklikheidster.

Die goddelose Lameg hef 'n wraaksugtige spreuk oor sy afvallige nageslag aan. Lameg weet dat God vir Kain regverdig oordeel, maar hy aanvaar dit nie. Lameg sal terugslaan. Geen skulderkenning, nog minder skuldvergewing, maar terugbetaling in eie munt: dit is Lameg se leuse. Geweld word met geweld beantwoord.

Te midde hiervan leef die gelowige Henog en sy gesin. Net soos die goddeloosheid van vandag, het ook sy tyd in goddeloosheid verval. Daar word geëet en gedrink, getrou en in die huwelik uitgegee – buite God om: so sê Christus in Matteus 24. Nogtans leef Henog naby God. Uit geloof wandel hy met God. Henog hou onvoorwaardelik vas aan die moederbelofte wat hy by sy pa Jered gehoor het, en dié weer van sy pa verneem het. Henog is daarvan oortuig dat daar verlossing gaan kom. Hoe dit gaan kom en wanneer: dit weet hy nie. Maar hy leef uit daardie geloof.

Lameg, sy tydgenoot, pleeg egbreuk deur met twee vroue te trou. Henog nie: hy leef kuis en ingetoë binne die huwelik met sy vrou wat God na hom gelei het. Lameg spoor sy kinders tot 'n swerwersbestaan van pret en plesier aan. Alles wat lekker is, is reg. Eet, drink, wees vrolik – môre sterf ons. Henog voed sy kinders op in die tug en vermaning van die HERE. Hy werk hard, eet van die opbrengs van sy hande. Sy vrou is 'n vrugbare wingerdstok in sy huis. Sy kinders is soos olyfboompies om sy tafel. En die belangrikste: hy verwag seën van die HERE. Henog soek die HERE, hy roep sy Naam aan soos sy voorgeslagte dit vanaf Enos geleer doen het. Henog leef naby God deur daagliks tot God te bid en volgens sy wil te leef. Hy sien verlossing van sonde konkreet raak in verlossing van prostitusie, egbreuk, bandeloosheid, ongehoorsaamheid en wraaksug. Henog smag na die koms van Christus in Betlehem, want hy sien die gebrokenheid van die lewe sonder God duidelik raak. Hy besef hoe die heilige God onteer word.

Met-God-wandel: daartoe word ons geroep, 1999 jaar na Christus se geboorte. Wat Henog voor Betlehem in verwagting beleef het, moet ons by wyse van terugskouing beleef. Christus het gekom, Hy het gesterf en ons van al ons sondes verlos. Daarom sal ons op Hom gerig leef: die huwelik heilig hou, ons ouers eer, die lewe respekteer, sonde erken en bely, die goeie naam van ons naaste bevorder. Teen die moderne Lameg-leuse van brassery en wraaksug moet ons positief ons kultuur beoefen in diens van God, positief gelowig wees. Daartoe word ons verbind. As almal om jou vloek en skel: jy nie. As almal saam met wie jy werk in swartgalligheid en moedeloosheid verval: jy nie. As almal lieg en bedrieg, leë beloftes maak om hulself uit die moeilikheid te praat: jy nie. Jy is gelowige kind van God. Jy leef uit die verlossende bloed van Jesus Christus. Jy leef op 'n hoë standaard, en mag op geen manier daardie standaard verlaag nie. Deur Gods vrees bewoë gaan ons trou op die weg: daar waar die wil van God ons klaar voor die oë getekend staan.

Aan die einde van daardie weg wag 'n heerlike belofte. Van Henog word gesê dat hy "deur geloof weggeneem is om die dood nie te sien nie". Op 'n jeugdige leeftyd van 365 jaar is sy plek op aarde leeg. Hoe God Henog weggeneem het, weet ons nie. Wat wel duidelik is, is dat God sy volk in die goddelose wêreld beskerm.

En wat meer is: Henog se wegname is as sodanig 'n stuk profesie. Die geslagsregister in Genesis 5 is somber. Adam leef 930 jaar en hy sterf. Set 912 jaar en hy sterf. Enos 905 jaar, Kenan 910, Mahalel 895, Jered 962 – en almal sterf.

Maar Henog sterf nie. 'n Uitsondering in die geslagsregister. Matteus begin sy evangelie op gelyke noot. Hy beskryf die geslagsregister van Jesus Christus. Ook daar sterf almal: Abraham, Dawid, die ballingskap – totdat Christus kom. Christus sterf – en Hy staan op uit die dood, Hy oorwin die graf. Langs daardie weg maak Hy Henog se geslagsregister vol, sinvol, troosvol. Henog leef saam met God en hy was nie meer. Sy seun Metusalag word op 969 jaar die oudste aardbewoner en hy sterf. Maar Henog se groot saad, Jesus Christus, leef.

Christus word in oomblik van krisis weggeruk na God en sy troon, net soos Henog. Die woedende draak kan Hom nie verslind. Christus oorwin op Paassondag die duiwel en die dood – ter wille van ons. Daar is ons krag. "Deur geloof is Henog weggeneem om die dood nie te sien nie": dit kan ons ook sê. Ons sterwe is deurgang tot ewige lewe, 'n opneem tot God. Ons sterf getroos en daarom leef ons getroos. Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie.

Wees dus nie bang om te praat as dit moet nie. Leef positief u Godgegewe beginsels uit. Dit maak nie saak wat mense sê nie. Ook al word u lewe geneem: u sterwe is ter wille van Christus wins. Dit leer ons uit die lewe van Henog.

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com

*Medewerkers:*
Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

*Administrasie-adres:*
Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Intekengeld:*
R 60 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za

# HENOG - die woestynstad

Ds ALA Buys
Gereformeerde Kerk
Piet Retief

**Die eerste stad in die Bybel leer vir ons hoe om nie skriftuurlike politiek te bedryf nie ...**

Ons lees vroeg in die Skrif dat die staatslewe al skeefgeloop het. Dit was met die bou van die stad Henog. Natuurlik het ons in Genesis nog nie te doen met die hoogs ontwikkelde en ingewikkelde staatstrukture wat ons vandag van kennis dra nie, maar die wortel is reeds daar te vind[1].

Kaïn bou vir homself 'n stad wat hy na sy seun vernoem. Dit is merkwaardig dat hy die stad Henog bou net nadat hy sy rug op God gedraai het (Gen 4:16-17). God het aan hom 'n teken beloof wat as waarborg sou dien dat hy gewreek sou word as iemand anders hom bedreig. God beloof dus aan Kaïn beskerming. Tog stel hy nie daarin belang om net onder God se beskerming te leef nie. Hy gaan oor tot selfhandhawing en selfbeskerming - daarom bou hy sy eie stad.

Dit is nie sonde om 'n stad te bou nie - ook nie om 'n staat op te rig nie. Maar ons leer 'n groot waarheid by Kaïn hoe om dit nie te doen nie. Sy stad kan getipeer word as 'n woestynstad. Nie omdat dit in 'n letterlike woestyn geleë is nie, maar omdat dit nie onder God se beskerming wil leef nie. Die woestyn is in die Skrif 'n beeld van ontreddering en verwesenheid van die mens. Die mens in sy sondige ontblootheid word as die woestyn geteken. God red uit die woestyn. God lei sy volk vanaf die woestyn na die stad. Dit is ook 'n tema in Ps 107. Die woestyn- en die stad-motief. Kaïn, wat vanweë sy sonde woestynagtig rondswerwe, wil nie God se hulp hê, God se belofte van uitredding, van beskerming in die Godstad nie. Hy sal sy eie stad bou - maar op geestelike woestyngrond.

## Wegkom van die vloek

Kaïn vernoem die stad na sy eie seun Henog. Die naam Henog dui op 'n militêre kamp se staanplek. Kaïn wil dus laer trek en op eie stoom en krag homself probeer ontworstel aan die vloek wat God oor hom uitgespreek het. In sy nageslag, sy seuns, en in sy eie vermoë lê vir hom sy verlossing en uitkoms uit die gevolge van die sondeval. Hy bou Henog, die woestynstad.

Van afhanklikheid en van 'n geduldige afwagting van Jesus Christus se koms is daar by hom geen sprake nie. Daarom sing sy nageslag die anti-christelike lied van Lameg: "Kaïn sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig keer". Die implikasie is duidelik: In jou eie krag tot selfbeskikking en selfredding lê baie meer opgesluit as wat God jou kan bied. Al wat nodig is, is nog meer mense (nageslag) wat saamgroepeer in die stad/staat (selfhandhawing).

Die stad Henog, wat die eersteling is in 'n lang ry van stede en state, dra die kiem van alle antichristelike nasionalisme en internasionalisme. Die lyn loop deur die stad Henog, deur Babel, deur al die state wat uit hierdie wortel groei tot by die stad Babilon in Openbaring (hfst. 17-19). Hier by Kaïn is dus die begin van die stad Babilon wat as hoervrou haar teen Christus se gesag draai. Geen idee behalwe die voortbestaan - al is dit in die woestyn - is vir Babilon belangrik nie.

## Fondament moet reg wees

Ons wat vrae vra rondom 'n gereformeerde staatsbestel, moet goed hiervan kennis neem. 'n Staat mag nie opgerig en bestuur word vanweë selfhandhawing om te probeer ontkom aan die gevolge van die sondeval nie. Slegs Jesus Christus bring daardie verlossing mee. Die redding deur Christus, sy koninklike heerskappy moet ook op die staatsterrein vergestalting vind. Daar is reeds aangetoon dat daar nie net in negatiewe terme oor die staat gedink mag word nie.[2] Daarom mag 'n gereformeerde staatsbeskouing nie gebou wees op nasionalisme nie, want dit is selfstandige volkshandhawing. Dit mag egter ook nie voortkom uit inter- of intra-nasionalisme nie, (wat tans vergestalt word in die menseregte-kultuur), want dit is die handhawing van die mensdom sonder die afhanklikheid van God.

Het Kaïn nie maar bloot prakties opgetree nie? Watter ander keuse het hy dan nou gehad? Die pragmatisme is so oud soos die berge. As jy nie wil aanvaar dat God jou beskerm nie, dan moet jy dit self maar doen. Die meeste state in die wêreld vertoon hierdie Kainsgesindheid.

## Gebrek

Wat staan gelowiges dan nou te doen? Ons kan maklik in die strik van Kaïn trap om ook maar net "prakties" te probeer wees. Natuurlik moet daar getuienis gelewer word teen die woestyn-state, maar die vraag is hoe dit gedoen moet word. Dit is ongelukkig so dat die gereformeerdes in ons land beskamend misluk om die verbeelding aan te gryp met wat gedoen behoort te word. Die oorsaak hiervan is tweeledig.

Ten eerste dink die meeste Christene dat die staat nie gereformeer behoort te word nie. Die gevolg daarvan is dat allerlei ander voertuie as getuie ingespan word om 'n afgewaterde boodskap oor christelikheid in die staatslewe oor te dra. Dit is nie genoeg om te sê dat ons verantwoordelik moet optree en ten minste ons demokratiese stemreg moet gebruik nie. Die heidene sê dit ook. Dit is ook nie genoeg

[1] Vgl. Floor, L, 1974, *Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy*, p 58-60.
[2] vgl. *Waarheid en Dwaling* Feb, 1999.

om net te sê dat byvoorbeeld misdaad en korrupsie hokgeslaan moet word nie. Daar moet oorgegaan word na die vraag: Hoe dien mens God in die staatslewe? God eis in gebooie nie net die afsweer van sondes nie, maar ook gebied Hy wat wel moet gebeur. Dit geld ook vir die uniekheid van die staatslewe. Oor die algemeen weet die Christen wat nie moet gebeur nie, maar is stom oor wat wel behoort te gebeur.

Ten tweede, en dit vloei voort uit bogenoemde, het ons dalk 'n valse of gebrekkige siening oor hoe ons getuienis lewer. Om van Jesus Christus se Koning wees oor alles te getuig behels veel meer as om net met jou stemkrag beïnvloedend op die openbare mening te werk. Getuig is woorde en werke. As ons op pad is na die Godstad, die nuwe Jerusalem, waar ons nou alreeds verseker is van God se beskerming, en waar ons nou alreeds ons eerbied en gehoorsaamheid aan Hom moet toon, dan moet die politieke toneel in Suid Afrika ook drasties ander getuienis oplewer van wat God werklik van hemelburgers op aarde verwag. Daarvoor moet ons kyk na die amp van die regeerder en die amp van onderdaan.

---

OP DIE KERKERF

Dr JG Meijer
Pretoria

# Toerusting vir diens in die kerk (I) GELOOFSEENHEID

**Wat verwag die Here van die ampsdraers in sy kerk? Een sin in die Skrif gee ons 'n oorsig van hulle opdrag om die gemeente in die kragveld van die Gees op te voed. Dié lang sin staan geskryf in Efesiërs 4:11-16: "(11) En Hy (die verheerlikte Christus) het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, (12) om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, (13) totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; (14) sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; (15) maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, (16) uit wie die hele liggaam - goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate - die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde." Die syfers tussen hakies in die artikel verwys na die betrokke verse in hierdie Skrifgedeelte.**

Die Heilige Gees gebruik sondige mense om in sy kragveld diensbaar te wees. Hy roep die ampsdraers van die kerk tot moederdiens. Hierdie diens bestaan uit twee opdragte. Die eerste is: Bring (wedergebore) kinders voort. Dit behaag die Gees om deur troue diens van die voorgangers geloof en wedergeboorte in ons hart en lewe te werk. Hierdie roeping het in die vorige nommer van ons blad ter sprake gekom.[1]

Die tweede opdrag aan die ampsdraers sluit onmiddellik by die eerste aan. Die Gees roep hulle en maak hulle bekwaam om die wedergebore kinders van God op te voed. Efesiërs 4 sê: Rus die heiliges toe vir hulle dienswerk (12). Dit beteken: Voorsien hulle van alles wat hulle nodig het om die Here te dien. Die vraag kom na vore: Wat het die kinders van God nodig om Hom in sy kerk en koninkryk gehoorsaam te dien? Wat behoort die dominee, die ouderling en die diaken te onderneem om die heiliges in die kragveld van die Gees toe te rus?

## Opbou

Die amptelike werk word volgens Efesiërs 4 gerig op die opbou van die liggaam van Christus (12, 16). Opvoeding, toerusting van die lidmate geskied met die oog op kerk-opbou. Die toerustings-opdrag en in aansluiting daarby die opbou van die kerk sluit 'n hele aantal take in. Die volsin langs hierdie artikel is gelaai. Al die aktiwiteite wat die apostel Paulus vermeld, kan in drie punte saamgevat word. Troue ampsdraers vestig die aandag by die toerusting van die gemeente op geloofseenheid, -groei en -keuse. Hierdie artikel gaan net oor die eenheid van die geloof. Die geloofsgroei en -keuse kom DV volgende maand aan die orde. En daarna die toerusting vir diens in die koninkryk van God.

## Geloof

Die woord geloof het twee betekenisse. Die eerste beklemtoon die geloofs-inhoud, die Woord wat ons glo. Die tweede betekenis benadruk die aksie van die geloof, om daadwerklik te glo. Efesiërs 4 vestig ons aandag op beide betekenisse.

## Een fondament vir kerk-opbou

Die eerste mikpunt by toerusting van die gemeente is "die eenheid van die geloof" (13). Al die lidmate glo in een Here, bely een doop, lewe in die gesin van "een God en Vader van

[1] Sien die artikel "Voorgangers se moederdiens" in *Waarheid en dwaling* 5(3), Maart 1999:3-6.

almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is".[2] Die eenheid van die geloof wys op die fundamentele eenheid van die lidmate van die plaaslike kerk en van die kerke in kerkverband. In die ware kerk bou almal op een fondament, naamlik "op die fondament van die apostels en profete",[3] die leer van die Skrif.

Let wel: Ons ampsdraers bou nie aan die fondament van die kerk nie. Dit is eens en vir altyd gelê deur die oog- en oorgetuies wat Christus vir dié werk aangestel het. Paulus sê oor sy aandeel in die bou van die fondament: "Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus".[4] Vir kerk-opbou en die amptelike toerusting daarvoor is dus die onmisbare voorwaarde: Maak voortdurend seker dat daar op die fondament gebou word. Handhaaf die eenheid van geloof!

## Aandag vir die fondament

Hoe kom ons tot en bly ons in die eenheid van die geloof? Efesiërs 4 sê: Kom tot "die kennis van die Seun van God" (13). Hoe kom ons tot dié kennis? Ons kry die kennis net uit die Woord. Christus kom in die gewaad van die Skrif na sy volk wat Hy met sy bloed vrygekoop het. Dit gaan dus in Woord-verkondiging, lesing en oordink van die Skrif, asook in die katkisasie-klas en tydens die huisbesoek oor suiwer kennis en eerbiedige erkenning van ons Heiland. Katkisasie is nie vryblywende gesprekvoering nie, maar onderrig oor die fondament van die kerk, die leer van Christus. So kom die lewende Here tot ons jong mense en leer hulle om Hom steeds beter te ken en te erken.

Voorgangers stimuleer die vaders en moeders in die huisgesinne om hulle kinders oor die fondament van die kerk te onderrig en te laat onderrig. Ooreenkomstig die skriftuurlike bevel: "Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan".[5] Skenk voortdurend aandag aan die fondament. Doen dit indringend. Inskerp beteken inprent, graveer sodat die Woord van die HERE onuitwisbaar op die hart van die kind geskryf staan.

Ons, volwassenes in die kerk, is en bly van nature geneig om God en ons naaste te haat. Ons beweeg maklik van die fondament, die leer van die Skrif, af weg. Voortdurende onderrig wat Christus al hoe meer leer ken en erken, is nodig om ons op die fondament te laat bly of selfs na die fondament terug te roep. Ons het elke Sondag se prediking, ja ook die kategismus-prediking nodig as brood[6] om in die hele leer van Christus te bly. En ons word deur die voorgangers gestimuleer om elke dag die Skrif te ondersoek. So word ons steeds hegter aan die fondament van die kerk veranker en "standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here".[7]

## Bewaar die eenheid van die Gees

Die geloofseenheid waartoe die kinders van God kom en waarin hulle bly, is nie 'n mens-gemaakte eenheid nie. Nee, dit is die eenheid van die Gees. Die Skrif gebied ons om die eenheid van die Gees deur die band van die vrede te bewaar.[8] Die kerk bewaar dié eenheid onder meer deur elke belydende lidmaat aan die fondament te bind. By die aflegging van die belydenis van geloof gee elke volwassene 'n bevestigende antwoord op die vraag: "Glo en bely u dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die belydenisskrifte van Die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?" Broeders wat in 'n amp bevestig word, moet bowendien die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf met die belofte om hulle amp in gelowige onderwerping aan die leer van die Skrif te bedien.[9] By openbare belydenis en by die bevestiging in 'n amp belowe elke gelowige om op die fondament van die kerk te bly en te bou.

Die fondament van die kerk bepaal die grense van ons eenheid in geloof. Wie van die leer van die Skrif afwyk, 'bou' buite die fondament en verbreek sodoende die eenheid. Bewaar van die eenheid, van die fondament, lei tot leertug oor voorgangers en lidmate wat die fondament aantas. 'n Kerkgemeenskap wat geen leertug uitoefen nie, verdra dat daar in sy midde aan die fondament gewrik word. So 'n kerkhuis "wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie".[10] Moederdiens duld nie opstand in die kerkgesin teen Vader se Woord nie. Die liefde vir die Here en die geloofseenheid dring tot ernstige vermaning om die eenheid van geloof, die eenheid van die Gees, in Die Gereformeerde Kerke van ons land te bewaar.[11]

## Een gemeenskap

Die beaam van die geloofsinhoud, die bewaar van die fundamentele eenheid, gaan in die kerk van Christus gepaard met dade, met geloofsaksie. Ampsdraers rus die gemeente toe om die waarheid wat ons bely, met die daad te betrag (15). Hulle roep die lidmate op om die Skrif wat hulle van harte glo, oor hulle dink en doen en nalaat te laat heers. "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid."[12] "En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."[13]

Beskou die Here se wet nie as 'n dwangbuis nie. Aanvaar dit as die wet van vryheid. Voorgangers lei die gemeente in die betragting van die waarheid "in liefde" (15). Wandel op die pad van die evangelie in liefde vir Hom wat

[2] Ef 4:4-6.
[3] Ef 2:20.
[4] 1 Kor 3:10-11.
[5] Deut 6:6-7.
[6] KO, art. 68.
[7] 1 Kor 15:58.
[8] Ef 4:3.
[9] KO, art. 53, 54.
[10] Vgl. Matt 12:25-26.
[11] Ek verwys in hierdie verband slegs na twee publikasies. Die eerste is my ope brief aan Die Gereformeerde Kerke in die ressort van Klassis Boland, wat aan alle kerkrade gestuur is. Geen persoon of instansie het tot dusver die inhoud van die brief weerspreek nie. Die titel van die boekie lui *U kneg hoor*. Die publikasie is in 1995 deur Printburo, die drukker van ons blad, uitgegee. Sien ook die Persskou van ds GJ Meijer oor "Die vreemde God en leertug" in *Waarheid en dwaling* 5(3), Maart 1999:11-12. Die skrywer eindig met 'n skerp skriftuurlike vermaning: "Die punt is: leertug mag nie verslap nie. En daarmee saam: ongereformeerdheid, nie-gereformeerdheid en anti-gereformeerdheid mag nie onder die dekmantel van gereformeerdheid getroetel word nie. Dit is blatant oneerlik".
[12] Kol 3:16; vgl. Ef 3:17.
[13] Jak 1:22(-27).

[14] Sien onder meer Matt 22:37-40 en 1 Kor 13.
[15] 1 Joh 2:14.
[16] NGB, art. 5.
[17] 1 Kor 12:12-31.
[18] Ef 4:7; vgl. ook 1 Kor 12:12vv.
[19] HK, antw. 55.
[20] Hand 20:35.
[21] Hand 4:32-35.
[22] Hand 2:46-47.
[23] Sien HK, antw. 103 en vraag 5 by die aflegging van belydenis van geloof.
[24] Volgens hulle belofte in die derde vraag van die doopformulier.
[25] Ooreenkomstig KO, art. 55.

ons gemaak en verlos het en in liefde vir almal wat Hy in sy kerk verenig. Liefde vir God baan die weg na die hart om die waarheid te glo en te doen.[14] Die vrug van dié Woordverkondiging op die preekstoel en in die huise? "Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het."[15] Die gemeente ken Christus. Nie eie gedagtes, gevoelens, interpretasies of wil bepaal ons optrede nie. Nee, sy Woord bly in ons "om ons geloof daarna te rig, daarop (op die fondament) te grondves en daarmee te bevestig".[16]

Een fondament ... Een gemeenskap in die wandel ... Ja, een liggaam (16). Lidmate van die kerk is lede van een liggaam, lede wat mekaar nodig het.[17] Elke lid word deur die ampsdraers opgewek om vir sy of haar deel, met sy of haar gawes,[18] die liggaam te ondersteun, op te bou in liefde (16). Hier kom ook die taak van die diakens in die gesigsveld. Hulle stimuleer elke lidmaat om sy of haar gawes in die praktyk "gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend".[19] Diakens bring voortdurend die woorde van die Here Jesus in herinnering: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang".[20]

Een gemeenskap ... Waar die Woord verkondig en geglo word, ontstaan en bestaan 'n hegte geloofseenheid. Daar werk die Gees soos in die eerste Christelike kerk. "Die menigte van die wat gelowig geword het, was een van hart en siel." Hoe het dié geloofseenheid ontstaan en bly bestaan? Deur lewende prediking van die Woord. Die apostels het met groot krag "getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal". Diakonale tekorte? Nie die minste nie. "Aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het."[21] Een geloofsgemeenskap. "Dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het en in die guns was by die hele volk." Evangelisasie? Mense het na die lewende geloofsgemeenskap toegestroom. "Die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."[22]

Hoe lyk ons plaaslike kerk en die gemeenskap van gereformeerde kerke aan die einde van die twintigste eeu in vergelyking met Jerusalem se kerk? Dié vraag moet gestel en beantwoord word in 'n selfbeproewing wat in die kragveld van die Gees vrug sal dra in voorgangers en lidmate se opbou-werk in die kerk.

## Selfbeproewing

Die Here se openbaring oor die eenheid van die geloof in Efesiërs 4 dring ampsdraers en lidmate tot selfbeproewing en beantwoording van onder meer die volgende vrae.

***Ampsdraers en kerkraad***

* Kry die fondament, die leer van die Skrif, die nodige aandag in prediking en huisbesoek?
* Word die jeug in die katkisasie-klasse genoegsaam oor die leer van die kerk onderrig?
* Word die gemeente voldoende opgewek om eredienste getrou by te woon? Wat onderneem die kerkraad as lidmate die vierde gebod voortdurend oortree deur nie ywerig met die gemeente van God saam te kom nie?[23]
* Word elke belydende lidmaat gestimuleer tot voortdurende persoonlike en gesamentlike Skrifstudie ten einde op die fondament van die kerk te kan bou?
* Word ouers gestimuleer om hulle kinders in die leer van die Skrif te onderrig en te laat onderrig?[24]
* Word die lidmate gestimuleer om die waarheid te betrag, daders van die Woord te wees en nie net hoorders nie?
* Wend die kerkraad "die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning" aan om valse leringe en dwalinge in die gemeente en in die kerkverband te weer?[25]
* Wat onderneem die diakens om elke lidmaat sy of haar gawes tot nut en saligheid van ander lidmate gewillig en met vreugde aan te wend?
* Wat beplan die kerkraad en die diakonie in die geval van tekorte in die ampsdienste?

***Lidmate***

* Blyk uit my bywoning van eredienste dat ek die HERE en sy kerk liefhet?
* Verwag ek van die prediking en huisbesoek om aan die fondament van die kerk steeds meer veranker te word?
* Hoe hanteer ek die Woord in die geval van tekorte in die amptelike diens?
* Wat onderneem ek om vas te bly staan op die fondament, die leer van die kerk?
* Watter Bybelstudie doen ek persoonlik en in verenigingsverband om Christus, my Heiland, steeds meer te ken en te erken?
* Wat doen ek om my kinders in die leer van die Skrif te onderrig en te laat onderrig?
* Wat onderneem ek in my amp van gelowige om valse leer en dwaling in die plaaslike kerk en in die kerkverband te weer?
* Wend ek my gawes tot nut en saligheid van ander lidmate aan?
* Is my diakonale bydrae voldoende sodat daar geen armoede in die gemeente van Christus gely word nie?

Mag gelowige selfbeproewing voorgangers en lidmate voortgaande reformeer. Tot eer van God en met die oog op verdere opbou van sy kerk in eenheid van geloof.

AKTUEEL

# Die toetsing van profesie

**Prof. L Floor**
Potchefstroom

**Hoe moet profesie getoets word?**

**En wie moet dit doen?**

Uit die Nuwe Testament self is dit duidelik hoe noodsaaklik dit is dat profesie getoets word. In Hand 21:10-11 lees ons dat die profeet Agabus uit Judea van die Heilige Gees 'n openbaring ontvang het oor die lyding wat Paulus te wagte was. Hy profeteer dat Paulus deur die Jode gebind sal wees en in Jerusalem sal sterf. Maar die apostel is deur die Romeine gevange geneem en sterf in Rome. Wat blyk nou daaruit? Die openbaring wat die profeet ontvang, kom van God af, maar die interpretasie was van homself en was verkeerd[1].

'n Belangrike punt by die toets is die rol van die vrou in die gemeente. Paulus het volgens 1 Kor 11:5 geen beswaar daarteen dat 'n vrou in die gemeente bid of profeteer nie. Tog kry ons die indruk dat die apostel in 1 Kor 14:34 die vrou die swye oplê. Is dit 'n absolute verbod ? Daar is baie verklaarders wat die swyggebod so absoluut opvat[2]. Sommige ander ontwyk die probleem deur uit Skrifkritiese oogpunt 1 Kor 14:33b-36 as 'n vreemde teks te beskou. Ons moet die oplossing elders soek. Dit is meer voor die hand liggend dat die apostel die vroue wat wel mag profeteer, nie toelaat om die profesie te toets nie. Die toets of weeg van 'n profesie is 'n leeraktiwiteit en dit staan Paulus nie toe aan vroue nie volgens 1 Tim 2:11ev.

## Aksentverskuiwing

Saam met die verskuiwing van die openbaringsprofeet na die gemeenteprofeet vind daar in die Nuwe Testament nog 'n ander verskuiwing plaas. Met betrekking tot die profesie sien ons hoe die aksent verlê word vanaf die persoon na die Woord. In die latere geskrifte van die Nuwe Testament lees ons minder van die profete en meer van die profetiese Woord. Petrus praat van die profetiese Woord wat baie vas is (2 Pet 1:19) asook die profesie van die Skrif (2 Pet 1:20). In die eerste plek bedoel Petrus die geskrifte van die Ou Testament, maar hy plaas die briewe van Paulus onder dieselfde noemer (1 Pet 3:16). Die apostel Johannes bind ook die profesie aan die Woord. Hy skryf in Op 1:3 oor die "woorde van die profesie" en in Op 22:7, 10, 18, 19: "die woorde van die profesie van hierdie boek". Tussen die profeet en sy boodskap het nou die Woord ingeskuif. In die beginperiode van die kerk was die patroon: openbaring van God - profeet. Na die afsluiting van die kanon het dit geword: God - Woord van God - profeet.

Ook voordat die kanon afgeluit was, word die profesie in die vroeë kerk nie as 'n volkome onfeilbare instansie beskou nie. Hier tree duidelik die verskil met die charismatiese beweging na vore. Daar verwag hulle nog steeds by die profesie 'n direkte inspraak van die Heilige Gees. Profesie word beskou as openbaring en dit moet noodwendig lei tot 'n minimalisering van die Woord van God.

## Blik uit die kerkgeskiedenis

In die loop van die kerkgeskiedenis is daar verskillende pogings aangewend om die openbaringsprofeet weer in ere te herstel. Die Montanisme van die tweede eeu het daartoe 'n poging aangewend. Hierdie beweging was 'n protes teen die verwêreldlikte amptelike kerk. Daar wou teruggekeer word na die geesdrif van die eerste gemeente. Montanus het voorgegee om 'n nuwe en hoër openbaring te bring naas en bo die van Jesus en die apostels. Lede van sy beweging spreek in tale en profeteer. Die profesie word beskou as 'n nuwe openbaring naas en selfs soms bo die Bybel.

In die tyd van die hervorming het die wederdopers opgetree. Hulle wil die verworde volkskerk deur binding aan 'n streng heiligheidsideaal reinig en terugbring na die apostoliese toestande. Vandaar kom ook die groot aandag vir die profesie. Kenmerkend van hierdie beweging was 'n sekere minagting vir die Bybel en 'n oordrewe belangstelling vir profesie. Daar word 'n direkte inspraak van die Heilige Gees gesoek. In die sewentiende eeu kry ons weer 'n sterk opbloei van profesie by die Kwakers in Engeland.

In ons tyd tref ons by die charismatiese beweging dieselfde simptome aan. Die doop met die Gees as 'n tweede ervaring is nodig. Kenmerkend daarvan is die spreek in tale en 'n belangrike neweverskynsel is die profesie, maar dan profesie wat die karakter dra van goddelike openbaring naas die Bybel, los van die Bybel en soms selfs bo die Bybel. Die profeet ontvang direk van die Gees 'n besondere openbaring.

## Siening van die reformatore

Die hervormers het aan die een kant die uitwasse van die profesie van die Wederdopers afgewys, maar andersyds baie aandag geskenk aan die gawe van profesie. Hulle het veral aandag gevra vir die gemeente-profete. Sowel Luther as Calvyn verbind die profesie met die uitleg van die Bybel[3]. Profesie is geen nuwe openbaring nie, maar 'n nuwe verstaan van die openbaring soos ons dit in die Skrif vind. Ook is dit 'n verstaan van die teken van die tye in die lig van die Woord van God. Profesie is volgens hulle 'n besondere insig in die Woord met as doel 'n konkrete toepassing in die situasie van vandag. Die hervormers was bang vir mense wat sê: "Die Heilige Gees het met my gepraat ..." of "die Here het dit aan my geopenbaar".

[1] Vgl. Grudem, W.A. 1982, *Gift of prophecy in 1 Corinthians.*

[2] Bachman, Ph. 1936, *Der erste Brief des Paulus an die Korinther.*

[3] Vgl. Luther en Calvyn se kommentare by 1 Kor 12:28.

[4] Du Toit, DJ 1977, Die sestiende eeuse 'profesie'. *Versamelde werke, deel 6.*

[5] Vgl. Lloyd-Jones, DM. 1987, *The puritans.*

Calvyn beskryf enersyds die profesie as die regte verstaan van die Skrif en die besondere gawe om dit uit te lê. Maar andersyds lê Calvyn by sy bespreking van die profesie meer nadruk op die toepassing van die Skrif as op die verklaring daarvan. Hy tref 'n duidelike onderskeid tussen leraar en profeet. Die leraar bewaar en propageer die gesonde leer, sodat die suiwerheid van die godsdiens in die kerk bewaar bly, terwyl die profeet bekwaam en ervare is in die bekendmaking van die wil van God.

Wat die beoefening van die gawe van profesie betref, gee die Switserse teoloog Ulrich Zwingli ons baie inligting. Hy het gepleit vir 'n nuwe beoefening van die profesie in die gemeente en wel op grond van 1 Kor 14:25-33. Zwingli pas dit self toe wanneer hy in 1525 aangestel word in Zürich om die onderwys te behartig. 'n Gedeelte van die Skrif word deur middel van openbare lesings behandel en daarna deur die aanwesiges beoordeel. Oorspronklik was dit bedoel om die predikante te bewapen teen die Wederdopers, maar later word dit uitgebrei tot verklaring van die Skrif en daarna beoordeling deur die gemeente. Zwingli laat nie die gemeentelede toe om die Bybel te verklaar nie, maar hulle kry wel die geleentheid om dit te beoordeel volgens 1 Kor 14:29.

Hierdie profesieë het soos 'n veldbrand oor Europa in die kerke van die reformasie uitgebrei. Dit word aangetref in Genève, in die vlugteling-gemeentes in Duitsland, Engeland, Frankryk, Skotland en Nederland[4]. Daar ontwikkel langsamerhand selfs verskillende modelle van hierdie profesie.

Die vroeë Puriteine beoefen onder die regering van koningin Elisabeth van 1563-1576 die sogenaamde "prophesying" totdat dit verbied word. Dit was daar 'n tipe profete-skool. Predikante het bymekaar gekom; soms kon die publiek saamluister. Die profesie is beoefen in wat ons vandag sou noem 'n gemeentelike byeenkoms, dus nie in die erediens nie. Ten spyte van alle onderlinge verskille het dit basies gegaan om Bybeluitleg en dan veral die konkrete toepassing daarvan[5].

Volgens à Lasco was die doel van die profesie om die gesonde leer in die gemeente te bewaar, die gemeente teen die valse leer te bewapen en die leereenheid onder die gelowiges te handhaaf. Maar helaas het hierdie vorm van profesie maar 'n kortstondige lewe gehad. Spoedig het dit in 'n soort lidmaat-katkisasie verander.

Voetius het in 1628 op die sinode van Leiden 'n rapport laat dien sodat die profesie, of soos hy dit genoem het die "konferenasies of oefeninge" volgens die gereformeerde opvatting gereglementeer kan word.

Kuyper het in sy Encyclopaedie aan hierdie saak aandag geskenk. Hy beskryf die profesie as die medewerksaamheid van die lede van die kerk. Dwaling van die kansel af sou beter afgeweer kon word indien die gemeente beter hulle plig hiertoe verstaan.

In Suid-Afrika het die bekende volksdigter en Bybelvertaler en teoloog, J.D. Du Toit (Totius) 'n sterk pleidooi gelewer vir die vernude instelling van hierdie vorm van profesie.

## UIT DIE VERLEDE

# SKRIFGELOOF EN SKRIFVERKLARING

**Prof JD du Toit**
(Totius)

**Aantasting van die gesag van Gods Woord is so oud soos die sondeval. Die duiwel is 'n mensemoordenaar en 'n leuenaar van die begin af.[1] Satan verander Gods Woord in sy teendeel wanneer hy die mannin in die paradys verlei met die woorde: "Julle sal gewis nie sterwe nie".[2] Die wêreldwye aantasting van die Skrifgesag in ons tyd is niks nuuts nie. Van ons voorgangers het in die verlede al teen hierdie kwaad gewaarsku. Totius het in 1928 oor die onlosmaaklike samehang van Skrifgeloof en Skrifverklaring gepraat en geskryf. Die aanhaling uit hierdie rede is nog net so aktueel as 71 jaar gelede ...[3]**

Vir ons, Gereformeerdes, kom alles hierop neer: dat iemand wat nie *wedergebore* is nie, onbekwaam geag moet word om die Heilige Skrif as *Gods Woord* te verklaar. Hy kan, soos ds JC Sikkel dit met 'n passende vergelyking uitdruk, "hoogstens knegtelike diens in die wetenskaplike arbeid tot verklaring van die Skrif verrig, soos Hiram, die koning van Tirus, in die tempelbou in Jerusalem; tot die eintlike arbeid van Skrifverklaring is hy nie geregtig en ook nie bekwaam nie".[4]

Wie die Skrif net grammaties-literaries verklaar, weet nog nie wat Gods Woord sê nie. Die Hermeneutiek dra, nes al die ander studievakke in die teologiese wetenskap, 'n teologiese, 'n afsonderlike karakter: dit is ook heilige land, en wie daarop wil tree, moet dit sonder skoene doen.

## Skrifgeloof

En as gevra word waarin besonderlik die wedergebore karakter van die hermeneut hom sal openbaar, dan noem ek as hoofsaak die onvoorwaardelike erkenning van die Heilige Skrif as Gods Woord, wat ten gevolge het die gebondenheid aan alles wat God ons geopenbaar het in die kanonieke Skrifte. Nie my 'gevoel', 'rede', 'godsdienstige bewussyn' of 'wetenskap' kan uitmaak wat Gods Woord is al dan nie ...

[1] Joh 8:44.

[2] Gen 3:4.

[3] JD du Toit. Die subjek van die uitlegging van die Ou Testament, in sy *Versamelde werke*, deel 3. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel, pp. 389-402. Die aanhaling in hierdie artikel staan op bladsye 398-400.

[4] JC Sikkel. *De Heilige Schrift en haar verklaring*, p. 28 (Totius se verwysing, ook in noot 6).

Verder stip ek aan dat die wedergebore karakter van die Skrifuitlegger gesien moet word:

(1) in die erkenning van die wonder in die Heilige Skrif;
(2) in die erkenning van Israel in sy eksepsionele betekenis as openbaringsvolk en
(3) in die erkenning dat al die Skrifte, in hul organiese verband, van Christus getuig.[5] ...

## Die wonder

Die wonder is en bly die troetelkind van die geloof. Die geloof self is 'n wonder en roep dus om die wonder. Die geloof is daarom geheel en al nie verwonderd as die Skrif van wonders verhaal nie. Nee, die ganse Skrif is vir die geloof 'n wonder. Wie dan ook die Skrif wil ontwonder, raak die ganse Skrif kwyt en verloën die eie karakter van die geloof en die wedergeboorte.

Wie met Baumgarten[6] meen dat ons om die wonders heen moet gaan en die gemeente moet ontwen om op die wonders te sien; wie met hom meen dat die moderne mens reg het om 'wondersku' te wees, omdat die wetmatigheid van die dinge ons nou só diep in die bloed sit en dat ons nie uit ons 'dinkvel' kan uitkom nie - wie so redeneer is geheel en al onbekwaam om die Skrif te verstaan.

## Die unieke betekenis van Israel

Ten tweede, diegene wat Israel se spesiale karakter loën; diegene wat byvoorbeeld 'n teks soos Jesaja 49:23: "En konings sal jou oppassers wees, hulle vorstinne jou pleegmoeders", in sy letterlik-historiese betekenis anders as op Israel wil toepas, wat dié woord ook van die kerk in letterlike sin wil laat geld, kom sekerlik verkeerd uit.

Israel is geheel enig, 'n gekonsentreerde mens- en volkstipe; maar juis daarom andersyds die simboliese afskaduwing van al wat mens en al wat volk op aarde is. Net wanneer die spieël sy eie karakter as spieël behou, kan hy dien om ander af te spieël.

## Christus in die Ou Testament

Dieselfde geld van die derde punt. Christus self gaan die hermeneut hier voor, want Hy het begin van Moses en van al die profete af en het hulle uitgelê (hier word in Grieks die werkwoord gebruik waarna ons vak *hermeneutiek* heet) in àl die wat van Hom geskrywe was.[7]

Christus aan die kruis is die groot standbeeld wat in die Skrif opgerig is, en hoe seer die Skrifverklaarder ook op die wye terrein van God se openbaring mag rondgaan, altyd weer moet hy dié monument sien en moet sy koers daardeur bepaal word.

In een woord: die loëning van die wonder in die Skrif, in Israel en in Chrtistus, maak iemand onbekwaam om in die heiligdom van Gods Woord in te gaan.

[5] Luk 24:26.
[6] O Baumgarten. *Predigt-Probleme*, p. 111.
[7] Luk 24:27.

---

# WAT IS SKRIFKRITIEK?

**Prof JD du Toit**
(Totius)

**Totius het in opdrag van die Sinode Burgersdorp (1930) oor Skrifkritiek geskryf. Ons beplan om verskeie artikels wat Totius oor hierdie onderwerp gepubliseer het, in hierdie rubriek opnuut onder die aandag van ons lesers te bring. Die eerste artikel van dié reeks het in *Die Kerkblad*, nommer 676, op 5 Augustus 1930 verskyn.**

Hierdie stukke word geskrywe in opdrag van die Sinode wat Maart ll. In Burgersdorp vergader het. Die bedoeling van die Sinode met dié opdrag was dat *Kerkblad*-lesers voorgelig sou word ten opsigte van teologiese vraagstukke wat teenswoordig aan die orde gestel is en nie alleen in kerklike vergaderings nie maar ook in geselskappe en rondom die huistafel die onderwerp van bespreking uitmaak.

### 'n Fundamentele kwessie

Ons hoop om in eenvoudige taal te skrywe, sodat elke *Kerkblad*-leser ons sal kan volg. Te meer is eenvoudig en duidelikheid 'n vereiste, omdat die strydpunte hoofsaaklik die Heilige Skrif raak, dié Skrif waarop èlke gelowige moet staan soos op 'n vaste fondament.

Niemand kan hom in hierdie opsig onttrek nie. Die stryd geld die Heilige Skrif, waarvan ons bely: "*Net* al hierdie boeke neem ons aan as *heilig* en *kanoniek* om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig. En ons glo *sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is*". So begin artikel 5 van ons Geloofsbelydenis. In artikel 4 spreek die geloof ewe beslis: "Ons vat die Heilige Skrif saam in twee boeke, dié van die Ou en dié van die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke *waar niks teen gesê kan word nie*". Laat ons ook nog mag herinner aan antwoord 21 van die

Kategismus (eerste gedeelte): "'n Ware geloof is ... 'n gewisse kennis waardeur ek *alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het*".

## Skrifgeloof in aanvegting

Hoe staan ons teenswoordig met hierdie besliste belydenis in 'n wêreld wat beslis teen die Heilige Skrif gekant is; wat probeer om ons te oortuig dat die Skrif *nie* heilig, *nie* kanoniek, *nie* waar is nie? Kan ons jongmense veral, wat in so 'n Skrifvyandige atmosfeer grootword, nog van heler harte sê en bely dat teen die Woord van God niks te sê val nie, dat sonder twyfeling aangeneem moet word wat dié Woord bevat, dat dit die vaste grond is van ons hart en lewe?

O, ons vrees dat *almal* te veel geluister het na die teorieë wat ons tot vervelens toe voorgepreek word. Ons vrees dat menigeen dié kwade saad in sy hart toegelaat het om worteltjies, hoe klein ook, te skiet. Ons vrees dat daar al is wat stilletjies in hulle hart sê: "Die Skrifkritiek is darem maar waar op sommige punte".

Met aandrang en klem kom tot ons almal die vraag of dit nie tyd is om beslis te breek met al daardie ligvaardige geredeneer oor die Woord van God. Miskien het ons almal al te veel toegegee en te veel toegelaat; en die gevolge daarvan het nie uitgebly nie.

Met die gevolge bedoel ons dit. Die mense van alle tye was sondaars, somtyds groot sondaars voor God. Ook met die volk van God het dit maar altyd gegaan soos met Israel in die woestyn. Die Here het maar 'n 'treurige' volk. Dit is net sy lankmoedigheid dat ons nie verteer is nie. Ons dweep nie met die 'ou tyd' nie.

## Onder die kritiek van die Woord

Maar een ding staan vas, en dit is dat daar tye was waarin die volk van God 'n *sterker sondebesef* geken het as wat teenswoordig die geval is. Ons dink hier aan Luther, wat in die kloostersel gevlug het met die uitroep: "O my sonde, my sonde!" Ons dink aan die geskrifte van Bunyan, Brakel, Baxter e.a. wat in gloeiende taal getuig van sondesmart wat deur die siel geskeur het. Ons word eintlik skaam vir onsself by die lees van sulke boeke.

Dit was die tyd toe die gelowiges geleef het *onder die kritiek van die Woord van God*. Hulle het geglo wat die Wet sê. En die Wet sê: "Jy mag nie begeer nie"! Daardie woorde: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat in die Wet geskrywe is nie", het gebrand in die gewetens soos 'n gloeiende yster.

## Kritiek op die Woord

Maar nou is die rolle omgekeer. 'n Groot deel van diegene wat nog die naam van Christus noem, wil nie meer onder die kritiek van Gods Woord wees nie. Hulle wil nou, omgekeerd, *sèlf die Woord van God kritiseer*! Hulle wil sèlf uitmaak wat reg is en wat nie, wat sonde is en wat nie. So leef ons dan nou in 'n verkeerde wêreld. Wat vroeër vasgestaan het, is nou losgeruk. Dit is *die* onderskeidende kenmerk van ons dae.

En wat het hierdie kritiek ten opsigte van die Skrif anders gekweek as onvaste siele? ...

Bo-aan hierdie artikel staan: "Wat is Skrifkritiek?" Miskien dink die leser dat dié kwessie ons nie lank besig hoef te hou nie. Uit die woord 'Skrifkritiek' en uit die teëstelling dat die Skrif my moet kritiseer, en nie ek die Skrif nie, kan ongetwyfeld tot op sekere hoogte afgelei word wat ons standpunt ten opsigte van hierdie saak moet wees. Maar daarmee is ons nie genoegsaam gewapend nie.

## Verwarring kweek onvaste siele

'n Tyd gelede het ons gelees dat van geleerde kant beweer is dat *elke* teoloog, ja, *elke* teologiese student aan Skrifkritiek doen. Sover ons ons herinner, is, sonder enige nadere verklaring of omskrywing van die woorde 'Skrif' en 'kritiek', eenvoudig gesê dat hierdie Skrifkritiek noodwendig is by die teologiese studie.

Nou wel, vir die leek is so 'n algemene bewering net genoeg om hom heeltemal uit die veld te slaan. Ons voel dus dat daar 'n bietjie meer aangaande hierdie vraagstuk gesê moet word. 'n Duidelike onderskeiding van woorde en begrippe is noodsaaklik.

Daar heers op die oomblik grenslose verwarring insake kwessies wat die Skrif as Boek raak, en dit is dié verwarring wat so skadelik is en wat onvaste siele kweek.

## Kort inhoud van artikelreeks

Ons hoop dan ook om net 'n paar hoofpunte te behandel en sodoende te poog om die newels te verdrywe wat ons geestelike gesigsvermoë belemmer. Ons sal net op 'n paar tentpenne hamer maar hoop om dié dan ook so diep in te drywe dat die tent se stormlyne teen die heersende orkaan verweer kan bied.

Eers kom aan die orde die vraagpunt: 'Wat is Skrifkritiek'? Daarna: 'Wat is tekskritiek'? In verband hiermee sal die Skrifinspirasie behandel word vir sover dit verband hou met die tekskritiek. Eindelik sal een en ander ter sprake kom oor die sogenoemde 'teenstrydighede' in die Skrif.

Tot sover Totius. Nie al die artikels van hierdie reeks kom vir publikasie in ons blad in aanmerking nie. Lesers wat van die hele reeks wil kennis neem, word verwys na die *Versamelde werke van JD du Toit (Totius)*, deel 4. Johannesburg: Dagbreek-boekhandel, 1960, bladsye 278-315.

# Bloeddorstige jeug

**Ds. GJ Meijer**
Gereformeerde Kerk
Wonderboompoort

In die Oktober 1998-uitgawe van *Clarion*, die tydskrif van die Gereformeerde Kerke in Kanada, skryf FG Oosterhoff 'n artikel getiteld "Why Children Kill". In sy artikel verwys hy na 'n studie wat in die Verenigde State hieroor gepubliseer is. Die strekking van Oosterhoff se artikel kom op die volgende neer:

In die Amerikaanse weermag word rekrute gehelp om hulle onwilligheid om 'n medemens dood te maak, te oorkom. Doodmaak, so reken 'n militêre psigoloog, kom nie vanself nie. Dit moet aangeleer word. Dit is presies wat die weermag poog om te doen. Die militêre psigoloog trek parallelle tussen die metodes wat gevolg word in die militêre program om rekrute onsensitief vir die neem van menselewens te maak en tendense in die elektroniese vermaaklikheidsindustrie.

Die metodes wat in die weermagprogram gebruik word, is gerig op die aanleer van wreedaardigheid, die afbreek van sensitiwiteit, absolute kondisionering en oombliklike reaksie op bevel. Die program om gewelddadigheid aan te leer en sensitiwiteit af te skud, begin onmiddellik as die rekrute in hulle barakke intrek. Hulle word fisies verkleineer en met growwe taal uitgeskel. Hulle koppe word kaalgeskeer. Hulle word naak saamgebondel en dan almal eenders geklee sodat hulle hul individualiteit verloor. Hierdie deel van die program is daarop gefokus om bestaande norme met 'n nuwe stel waardes van geweld en dood as lewenswyse, te vervang. Teen die einde van die program is die rekrute van hulle menslike gevoeligheid gestroop. Hulle aanvaar dit as normaal en selfs essensieel om ter wille van oorlewing met brute mag op te tree. Die opleidingsoffisier, wat die geweld en aggressie personifiseer, dien as die rekrute se persoonlike rolmodel.

Die aanslag wat in die vermaaklikheidsindustrie gebruik word, kom ooglopend ooreen met dié van die weermag. Verskeie tipes moderne musiek, televisie-programme en video-speletjies dra by tot gewelddadige vermaak. Daarby verskyn talle rolmodelle op verhoë en fliek-skerms, in foto-ryke tydskrifte en op muurplakkate om die indruk van brute krag en gewetenlose geweld te propageer. Popsterre besing geweld as 'n lewenswyse; skietlustige kriminele en wettelose skurke word verbeeldingryke kinders se helde. Rolmodelle speel 'n baie belangrike rol in kinderlewens. Iewers is daar 'n potensieel gewelddadige seun wat vir homself sê: Ek sal vir die mense wys hoe gemeen ek kan wees. Ek weet hoe my gesig ook op TV kan kom. As ander kan, kan ek net so goed – indien nie beter nie.

En dan word al hierdie dinge met 'n glimlag gedoen. Hoe kan dit? Die militêre psigoloog verduidelik. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is Chinese krygsgevangenes deur Japannese soldate gedwing om op hulle knieë in 'n sloot te gaan staan, hulle hande agter op hulle rûe vasgebind. Die Japannese soldate het elkeen vir hulleself 'n slagoffer uitgekies wat hulle met groot smaak met hulle bajonette in stukke sny. Na afhandeling van dié grusame taak word die manne luid geapploudiseer deur hulle makkers. Op die rant van die massagraf – in die teenwoordigheid van die tereggestelde vyande – word hulle op 'n heerlike ete en ander belonings getrakteer. Deur kondisionering is die Japannese soldate geleer om geweld en moord met plesier en beloning te assosieer.

Wat gebeur in die vermaaklikheidswêreld? Kinders kyk na geweld-films vol van menslike leed en swaarkry en dood. Terwyl hulle kyk, sit hulle met 'n koeldrank in die een hand, springmielies in die ander hand, en die reuk van die vriendinnetjie se parfuum in die neus. Die effek hiervan is skrikwekkend.

Indien 'n kind so gekondisioneer word om geweld te aanvaar, is dit 'n klein treetjie vanaf die verbeelding tot by die werklikheid. Dit is 'n kwessie van aansporing en reaksie. 'n Bepaalde stimulus sal op 'n stadium onkeerbaar lei tot 'n voorspelbare respons. Die refleks kom outomaties. Rekrute oefen op strooi-poppe – hulle skiet uiteindelik op lewendige mense. Dieselfde refleksiewe aksie word by kinders ingedril as hulle interaktiewe "mik-en-druk" video- en laserspeletjies speel. Die opleiding wat hierdie "onskuldige" speletjies verskaf word duidelik as in ag geneem word hoe akkuraat kinders skiet wat moord pleeg. Van mis skiet is daar geen sprake nie.

Die militêre psigoloog is daarvan oortuig dat die Amerikaanse samelewing met 'n werklikheid te kampe het wat soos Vigs (Aids) funksioneer. Hy noem dit AVIDS: Acquired Violence Immune Deficiency Syndrome – Verworwe Geweld Immuniteits Gebrek Sindroom. Vigs het nog nooit iemand doodgemaak nie. Dit vernietig jou immuniteitsisteem, sodat ander siektes – wat deur 'n gesonde liggaam beveg sou kon word – tot jou dood lei. So is AVIDS. Televisie-geweld op sigself maak jou nie dood nie. Video- en laserspeletjies ook nie. Maar dit vernietig wel jou sensitiwiteitsisteem, jou eerbied vir lewe. Dit kondisioneer jou om genot uit geweld te put. Hierdie sindroom word daagliks by die kinders van die nasie ingegiet – ook by die jeug van die kerk.

Wat in Kanada en in die Verenigde State gebeur, is nie vreemd in Suid-Afrika nie. Inteendeel, in sekere stadsgebiede is moord so alledaags dat die omstanders haas geen oog meer daaroor knip nie. En tienermoorde,

waaronder verskeie selfmoorde, is ewemin 'n vreemde verskynsel. Intussen is ons aan die gebod van God gebind: jy mag nie doodslaan nie. Hierdie gebod is seer seker ook van toepassing op die speletjies wat ons speel, die films waarna ons kyk en die "rolmodelle" waar ons kinders se oë op gevestig is. Ouers het baie om oor na te dink wat uitneem van video's betref. Om nie te praat van "onskuldige" video- en laserspeletjies nie, wat – so word dit gepromoveer – help om kinders se hand-oog koördinasie te verbeter.

## 'n *Cool* kerk?

Die Nederlanders het 'n woord wat ook in Afrikaans bestaan, maar nie in die daaglikse woordverkeer gebruik word nie: leuk. Leuk beteken volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal grappig, prettig. Ander woorde skakel daarby aan: lekker, oulik, interessant, verfrissend, nuut, verbeeldingryk, gewild. In die mond van die moderne jeug is daar 'n Engelse woord wat tot 'n groot mate met die Nederlandse leuk ooreenkom: "cool".

In die November 1998-uitgawe van "Nader Bekeken" skryf H van den Berg 'n Skrifoordenking onder die titel "Leuk is anders". Enkele snitte uit die oordenking word vertaald weergegee.

"Leuk" is in. 'n Politieke party moet oulike dinge doen om kiesers te trek. Dit word steeds moeiliker om vrywilligers te vind vir belangrike dienswerk. Mense kies eerder vir dinge wat prettig en aangenaam, "leuk" is. Selfs in die kerk moet dinge verfrissend interessant, "leuk" aangepak word. Bybelstudie moet verrassend anders, "leuk" ingekleur word, anders verloor dit sy aantrekkingskrag. Tydens eredienste moet daar nuwe, "leuk" elemente wees, anders kom die mense nie meer nie. Om mense massaal te bereik en tot nuwe hoogtes op te werk, moet daar treffende alternatiewe ingebring word. "Ek sal 'n slag na julle kerk toe kom, want ek hoor dit is so 'leuk', anders daar by julle."

Pas die woord "leuk" by geloof? Is dit oulik om Christen te wees? Is die kerk 'n sentrum wat kort-kort verfrissende interessanthede vir mense moet opdis? Is dit waarvoor Christus in die wêreld gekom het- om ons lewens aangenaam en prettig en lekker te maak?

Van den Berg wys uit Lukas 22:37 aan dat die Skrif ons heeltemal iets anders leer. Daar staan geskrywe: "Want Ek sê vir julle dat dit wat geskrywe is, nog aan My vervul moet word: En Hy is saam met misdadigers gereken. Want ook aan hierdie dinge wat betrekking het op My, kom daar 'n einde". Christus het hierdie woorde kort voor sy kruisiging uitgespreek. Na sy hemelvaart het die dissipels die werklikheid daarvan ondervind. Paulus word gestenig – omdat hy Christus die gekruisigde verkondig. Die evangelie van die kruis verwek weerstand, mits daardie evangelie reglynig en suiwer bedien word. Die kruis bring die wêreld in 'n krisis.

Leuk? Oulik? Interessant? Allesbehalwe. Hier pas geen goedkoop pret nie. Christus se vernedering tot in die dood, graf en hel is te diep om dit met verfrissend anders te wil verbind. En sy saligmakende werk wek tot meer op as: "Is julle vernuwende eredienste interresanter as ons s'n"? Nee, die kruispaal dwing tot dankbaarheid, lewensvernuwing, onbaatsugtige ywer, onblusbare dienswerk. Om te glo is nie leuk nie. Dit maak wel dat 'n mens – namate die geloof groei – van krag tot krag gaan. Geloof en kerk is hartverwarmend.

Tot sover Van den Berg van die Gerefomeerde Kerke (Vrygemaak) in Nederland.

Die Suid-Afrikaanse konteks verskil nie van dié in Nederland nie. Nie wat hierdie saak betref nie. Bewyse?

- Toets die gees onder en in en agter die massale liturgiese vernuwing wat orkaansterk deur die kerke in Suid-Afrika waai. Die kind mag nie saam met die badwater uitgegooi word nie; reformasie hou nooit op nie. Maar tot hoe 'n mate is die gesprekke rondom liturgiese vernuwing gerig op die intensivering van Godsverheerliking; en tot watter mate staan menslike, "leuk", "cool" voorkeure op die voorgrond? In vele NG Kerke is die saak uitgemaak. Die kerk moet jeugvriendelik gemaak word. Dienooreenkomstig word die vorm van die erediens aangepas met tienervriendelike musiek, hartroerende getuienisse, interessante voordragte wat verkieslik ook die lagspiere moet prikkel. Hoe staan sake in Die Gereformeerde Kerke, veral gesien die laaste Sinodebesluit wat liturgiese inkleding aan die vryheid van die plaaslike kerk oorlaat?
- Bekyk die program van 'n jeugkamp. Die bewoording lui: kamp saam met maltrap studente en nog "cooler" dominees. Noodsaaklike woorde, anders bly die jeug weg. So word geredeneer. Die kritiese vraag: Is ons herder en leraar 'n "cool" man wat vir die jeug "cool" dinge kan doen, of is hy in alles dienskneg van ons Here Jesus Christus – ook vir die lammers van die kudde?

Voorbeelde kan vermeerder word, maar hiermee word volstaan. Die bevel van Christus staan egter vas: Neem julle kruis op en volg My. "Leuk is anders."